

JANUARIE



Wees wie jy is

God sê toe: "Laat Ons 'n mens maak wat met Ons ooreenstem." God het die mens in ooreenstemming met Homself geskep; volgens sy eie beeld het God hulle geskep; manlik en vroulik het Hy hulle geskep. (Genesis 1:26-27)

God het jou lief nes jy is en Hy het jou op 'n spesiale manier gemaak. Party van ons is stil en ander is luidrugtig. Party mense is introverte en ander is ekstroverte. So spraaksaam as wat ek is, so stil is my vrou. Ek dink graag dat haar persoonlikheid myne komplementeer en dat myne hare komplementeer. Ons is nie in kompetisie nie, want ons is een mens. Die Here het ons bymekaargebring.

'n Mens hoor so dikwels: Teenoorgesteldes trek mekaar aan. Dis waarom 'n mens vind dat 'n man en vrou dikwels twee uiteenlopende persoonlikhede het. Byvoorbeeld, jy kan dalk vind dat 'n ekstroverte man, wat die buitelig liefhet, met 'n introverte vrou getroud is wat van kuns en teater hou. Af en toe sal jy 'n egpaar kry wat oor dieselfde persoonlikheidstrekke beskik, maar hierdie huwelike is in die minderheid.

God het jou na sy eie beeld geskape en ons is elkeen uniek. Nadat God jou gemaak het, het Hy die gietvorm gebreek. Daar is nie nog iemand in die wêreld presies soos jy nie. Daar is nie twee stelle vingerafdrukke in die hele wêreld wat dieselfde is nie. Is dit nie wonderlik nie?

Dit maak my hartseer as ek meisies met pragtige krulhare sien wat dit probeer reguit maak, meisies met pragtige blonde hare wat dit swart kleur, of meisies wat probeer gewig verloor om plankdun te lyk. Wees wie jy is. As jy bruin oë het, loof die Here daarvoor. As jy krulhare het, loof die Here. As jy uitgesproke en luidrugtig is, probeer dit dalk so 'n bietjie demp, maar moenie verander wie jy is nie! As jy stil en gereserveerd is, wees tevrede met wie jy is. Wees wie God jou gemaak het om te wees. Leef tot sy eer, dan sal jy vervulling in die lewe vind.

Vader God, dankie dat U my uniek gemaak het. U weet selfs hoeveel hare daar op my kop is! Dit is vir my so verstommend. Dankie dat U ons elkeen so spesiaal en tog so verskillend maak. Amen.

Die rusdag

God het op die sewende dag na al sy werk gerus. God het ook die sewende dag geseën. Hy het bepaal dat dit afgesonder moet word van die ander dae omdat Hy op daardie dag gerus het nadat Hy sy skeppingswerk gedoen het. (Genesis 2:2-3)

God het ons nooit ontwerp om sewe dae per week te werk nie. Selfs God het op die sewende dag gerus. My liewe vriend, as God self ná ses dae moes rus, wie dink jy is jy om harder te werk? Dis dwaas en tog doen ons dit.

Jy moet jouself dissiplineer en een dag per week rus. As jy dit nie doen nie, gaan jy jou ooreis. Die uitweg is nie om op energie-drinkies en koffie te leef nie; die uitweg is om te rus. Wat beteken rus? Dit beteken om te sit en stil te word. Dit beteken om jou Bybel te vat en oor die dinge van God te mediteer. Dit beteken om te gaan stap en God se skepping te waardeer; om tyd saam met jou gesin deur te bring deur saam te sit en die dinge van God te bespreek.

Ek besef dat party mense dit tot die uiterste neem en nie eers 'n lig op die Sabbat aanskakel nie omdat dit "werk" is. Ek sê nie jy moet dit doen nie, maar ek sê wel jy moet die dag respekteer wat God vir jou gegee het om op te rus. As jy daardie dag gaan gebruik om jou motor reg te maak of inkopies te gaan doen, sal jy Maandagoggend uitgeput wees nog voordat jou week begin het.

My besigste dag is juis die Sabbatdag, die dag wanneer ek die evangelie verkondig. Wanneer rus ek dus? Ek neem 'n ander verlofdag in die week om te rus en God se Woord te lees. Dit is wanneer ek verkwik word: verstandelik, fisies, emosioneel en geestelik.

Vriende, moenie nalaat om te rus nie. As jy nie rus nie, sal jy die pad van ineenstorting stap. Jy sal nie in staat wees om situasies rasonneel te hanteer of behoorlik te werk nie, en jy besef dit dalk nie omdat jy nie uitgerus is nie. God het vir ons 'n rusdag uitgehou; gebruik dit.

Hemelse Vader, U het die sewende dag gekies as 'n dag van rus, iets wat ek dikwels nalaat. Help my asseblief om te besef hoe belangrik die Sabbatdag is en om ten minste een dag per week te rus en saam met U deur te bring. Amen.